

11.2 RAPPORT STUDIEDEPUTATE: PROSEDURE VIR BEHANDELING VAN APPÈLLE (Art 19)

- A. Dr PK Lourens lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Sake waarvan Sinode kennis neem

1.1 Opdrag

Sinode 2009:43, 4.2.

“4.2 Die Sinode wys Deputate aan om ‘n grondige studie oor die volgende aspekte te maak:

4.2.1 Aandag aan geskilbeslegting as versoeningstaak van die plaaslike kerk en van meerdere vergaderings

4.2.2 die onderskeid tussen die hantering van die Appèlprosedures enersyds en andersyds die wyse waarop onenigheid/geskille en onderlinge twiste kerklik hanteer moet word

4.2.3 die daarstelling van meganismes ten einde te verseker dat Appèlle beperk word tot wesenlike sake

4.2.4 hoe tussen Appèlle en Beswaarskrifte onderskei moet word

4.2.5 die wesensverskille tussen kerklike en staatlke regsprosesse, en

4.2.6 die moontlikheid daarvan om appèlle buite die volle vergadering van die Sinode te laat afhandel, byvoorbeeld deur ‘n Synodus Contracta.”

1.2 Agtergrond

Tydens Sinode 2006:43-44 dien ‘n “Rapport Deputate Nasionale Sinode”.

By “Opdrag” word bloot numeries verwys na: “Nasionale Sinode 2003 (Acta 2003:763, art 244).”

By nadere ondersoek (en navrae by rapporteur 2006: Ds CA Jansen) blyk dit uit die Handeling van Sinode 2003 dat daar geen opdrag in terme van KO, art 49 in hierdie verband was waaraan hulle uitvoering moes gee nie en dat hierdie Rapport (tesame met ‘n menigsopname oor verskillende scenarios) op eie inisiatief vanuit die Ordekommissie wat tydens Sinode 2003 gedien het, gemotiveer is.

In die Rapport: Aanwysing van Deputate in Acta 2003:763 staan:

“14. DEPUTATE VAN DIE NASIONALE SINODE (vergader net een keer)

14.1 Uitgee van Handeling...

14.2 Agenda, korrespondensie en programmering van Sinode...”

(Punt 14.2 verwys na die samekoms voor ‘n volgende Sinode – pkl)

Die verwysing in die “Opdrag” van Sinode 2006 se Rapport na Notule artikel 244 van Sinode 2003:763 verwys bloot na die behandeling van die Rapport van die Kommissie wat Deputate aangewys het (soos hierbo aangehaal).

Die Deputate het in 2006 met ‘n “Rapport” gekom wat weer tot uitgebreide studieopdragte lei in 2009.

Dit het die Studiedeputate ietwat voor ‘n dilemma gebring aangesien dit blyk dat die Deputate Nasionale Sinode 2003 buite hul mandaat opgetree het met die aanbied van ‘n Rapport tydens Sinode 2006. Hierdie saak het teenstrydig met KO, art 30 (33 en 46) nie uit die kerke ter tafel gekom nie.

‘n Opdrag aan Deputate vereis ‘n welomskrewe opdrag (KO, art 49) wat nie bestaan het nie. Tegnies kerkordelik staan die Rapporte van 2006 en 2009 op geen been nie.

Meerdere vergaderings vergader immers as uitvloeisel van die belydenis aangaande die kerk om mekaar in kerkregering by te staan en dus is die vasstelling van die Agenda van uiterste belang.

Die Agenda van kerklike meerdere vergaderings word op verskeie wyses saamgestel:

KO, art 30: sake “wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie” of “sake wat by meerdere vergaderings tuishoort”

KO, art 31 orden die “beroep” op ‘n meerdere vergadering “as iemand ‘n klagte het dat hy deur die uitspraak van ‘n mindere vergadering verongelyk is.”

KO, art 33 vra dat afgevaardigdes na meerdere vergaderings hul “opdragte saambring” 46 “sake vir behandeling” moet gekontroleer word teen reeds bestaande besluite tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander waar KO, art 46 dus ‘n “ordebeginsel” (Spoelstra, 1989:267) daarstel wat saam met KO, artt 30 (en 31, 33) gelees moet word. Die Agendas van meerdere vergaderings word dus grootliks deur die onmiddellike mindere vergadering opgemaak wat na die meerdere vergadering deputeer (KO, art 33).

1.3 *Bevindings*

In terme van hierdie ondersoek behoort hiermee volstaan te word sonder om die aanbevelings van die Kommissie 2009:43, 4 verder te behandel aangesien dit duidelik blyk dat die feit dat die Rapport wat gedien het en waarvan bloot kennis geneem moes word asook die verskillende nuwe opdragte waarvoor ‘n nuwe “grondige studie” gemaak moet word (sonder om KO, art 46 in ag te neem) eweneens dui dat die aanvanklike saak aan die orde gestel is sonder die inspraak van kerke as wat dit op die gewoon kerklike weg (KO, art 30) ter tafel sou kom.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.

2. Sake waaroor Sinode besluit

2.1 *Aanbeveling*

Dat in die lig van bogenoemde van die opdrag afgestap word.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

11.3 BESKRYWINGSPUNT OOSTELIKE STREEKSINODE OOR APPÈLPROSEDURE (Art 20)

- A. Ds CA Jansen stel die beskrywingspunt.
- B. Die beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. BESKRYWINGSPUNT

1. Inleiding

In terme van KO, art 46 handel hierdie Beskrywingspunt oor die appèlprosedure waarvolgens meerdere vergaderings kerklike Appèlle volgens KO, art 31 behandel en afhandel.

2. Beskrywingspunt

Die Algemene Sinode aanvaar die volgende prosedure vir die behandeling en afhandeling van Appèlle (in die uitvoering van KO, art 31):

- 2.1 Elke meerdere vergadering (Klassis, Streeksinode en Algemene Sinode) wys in terme van KO, art 49 Deputate (met sekundi) vir Appèl aan.
 - 2.1.1 Die Deputate sal bestaan uit persone wat kundig is op die gebied van die kerklike reg, die reg en regspraak.
 - 2.1.2 Die Deputate kan juriste (uit die GKSA) koöpteer vir sover dit die regspraak in die betrokke Appèl sou kon bevorder.
 - 2.1.3 Indien van die Deputate uit die ressort kom van 'n vergadering teen wie se besluit geappelleer word, word sekundi in hulle plek opgeroep.
- 2.2 Die Appellant gee binne 6 weke nadat 'n kerklike vergadering 'n besluit geneem het waarteen hy/sy wil appelleer, kennis van sy/haar voorneme om te appelleer. Hierdie kennisgewing moet gerig word aan sowel die Deputate Korrespondensie / Korresponderende Kerkraad van die betrokke vergadering wat die besluit geneem het, as aan die adres (KO, art 45) van die vergadering waarheen geappelleer word. Die Deputate Korrespondensie of Korresponderende Kerkraad van die betrokke kerklike vergadering teen wie hy/sy wil appelleer, voorsien binne 2 weke (14 kalenderdae) nadat kennis geneem is van die mededeling van die persoon wat van voorneme is om te appelleer, aan hom/haar formeel alle relevante inligting/dokumentasie in verband met die besluit waarteen geappelleer word en van die dokumentasie wat daarop betrekking het.
- 2.3 Die Appellant voorsien op eie koste die nodige kopieë van sy/haar appèl (insluitende die Bylaes) aan die Skriba van die Deputate (wat deur die betrokke meerdere vergadering aangewys is).
- 2.4 Die vereistes vir die ontvanklikheid en behandeling van die Appèl is die volgende:
 - 2.4.1 Die besluit waarteen geappelleer word, moet woordeliks volgens en met bewys van die offisiële redaksie aangehaal word.
 - 2.4.2 Die Appèl moet duidelike gronde vir Appèl aantoon.
- 2.5 Beroep moet gedoen word op regspraak volgens die Woord van God en die Kerkorde (vgl KO, art 31).
- 2.6 Die Deputate vir Appèl help (indien nodig) die Appellant om sy/haar Appèl formeel in orde te kry.

Motivering:

 - 2.6.1 Dat regspraak nie deur tegniese, formele en prosedurele faktore in die wiele gery word nie.
 - 2.6.2 Die Appellant fokus op die sentrale argument/probleem.
- 2.7 Die prosedure vir die behandeling van die Appèl deur die Deputate is soos volg:
 - 2.7.1 Beoordeling van die ontvanklikheid van die Appèl.
 - 2.7.1.1 Formeel (vgl 3.4).

- 2.7.1.2 Inhoudelik: Bepaling of daar duidelike gronde in terme van KO, art 31 aangedui is.
- 2.7.2 Geleentheid vir die Verweerder/Toeligter om die mindere vergadering se besluit waarteen geappelleer word te verduidelik en te motiveer.
- 2.7.3 Aanhoor van getuienis van sowel die Appellant as die Verweerder/Toeligter.
- 2.7.4 Ondersoek van al die getuienis soos in die dokumentasie voorgelê.
- 2.7.5 Voorlopige bevindings en aanbevelings, waarop die Verweerder/Toeligter en Appellant voor die Deputate reg het tot repliek.
Bykomend hierby die volgende:
- 2.7.6 Die Deputate kry bevoegdheid om in die ondersoek die Appellant en Verweerder/Toeligter te ondervra en (indien nodig) in kruisondervraging te neem.
- 2.7.7 Die Deputate kry bevoegdheid om bykomende getuies op te roep na 'n vergadering met die Deputate met die uitsluitlike doel om helderheid in die Appèlsaak te verkry.
- 2.7.8 Die Deputate vir Appèl stel 'n Rapport op gerig aan die vergadering deur wie hulle aangewys is waarin die volgende gerapporteer word:
 - 2.7.8.1 Kort historiese oorsig en samevatting van die inhoud en verloop van die saak.
 - 2.7.8.2 Die prosedure wat gevolg is in die behandeling van die saak.
 - 2.7.8.3 'n Verantwoording en verduideliking van die tersaaklike regsbeginsels op grond waarvan tot 'n bevinding/uitspraak gekom is.
 - 2.7.8.4 Die Deputate se bevinding/uitspraak, voorgelê aan die betrokke meerdere vergadering vir die wyse waarop die saak afgehandel word.
- 2.7.9 In die Appèlsake wat nie afgehandel kan word nie, kan die Deputate advies van die vergadering wat hulle aangewys het, vra (KO, artt 30 en 49).
- 2.7.10 Die Rapport word beskikbaar gestel na konstituering van die vergadering waar die Rapport gelewer word.

3. Agtergrond

- 3.1 Die Nasionale Sinode 2006 het met die aanvaarding van die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Noordwes (Acta 2006:824–827, 2.2.4, 2.2.5.1 en 3.2) en die Rapport Deputate Nasionale Sinode (Acta 2006:44, 2.3) in beginsel goedgekeur dat aandag gegee word aan die prosedure by die behandeling van Appèlle.
- 3.2 Uit die geskiedenis blyk dat die behandeling en afhandeling van Appèlle dikwels problematies is, en soms lei tot onvergenoegdheid en/of verdere Appèlle of besware (Acta 1933, art 11 & 64; Acta 1970, art 4a; Acta 1973, art 89 & 90; Acta 1985, art 54; Acta 2000, art 28–30, 32, 33 & 35; Acta 2003, art 34).

4. Histories

Vorige Sinodes het reeds aandag gegee aan die behandeling van Appèlle:

- 4.1 Sinode 1933 keur 'n Beskrywingspunt goed wat vra dat 'n Kommissie benoem word om die behandeling van Appèlle te reël (Acta 1933:45).
- 4.2 Sinode 1936 vind sekere tekortkominge in die Kommissie se Rapport, maar twee belangrike sake kom wel tot goedgekeurde besluit, naamlik drie beginsels waarop KO, art 31 wys en dat 'n appellant binne 6 weke nadat hy skriftelik kennis van 'n beslissing gekry het, kennis moet gee van voorneme om te appelleer (Acta 1936:167–169).
- 4.3 Sinode 1939 aanvaar drie beginsels vir Appèl (kyk 1.3) en gee reëlings ivm prosedure.(Acta 1939:144 & 145) Hierdie beginsels vir Appèl is:
 - 4.3.1 by die krenking van reg
 - 4.3.2 die meerderheid beslis
 - 4.3.3 kerklike besluite is geldig tensy hulle in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde (vgl KO, art 31).
- 4.4 Sinode 1973 gee gevolg aan 'n Beskrywingspunt waarin die reg tot repliek deur Appellant en Verweerder by die prosedure gevoeg word (Acta 1973:191).
- 4.5 Sinode 1985 gee gevolg aan 'n Beskrywingspunt waarin 'n prosedurereëling met betrekking tot die tyd van indiening van 'n Appèl bygevoeg is (Acta 1985:524–525).

- 4.6 Sinode 1991 gee op 'n bepaalde wyse gevolg aan 'n Beskrywingspunt sodat 'n Kommissie/Deputate vooraf oor die ontvanklikheid van Appèlle en Beswaarskrifte oordeel en die Sinode daarvoor adviseer (Acta 1991:539–540).
- 4.7 Sinode 1997 gee gevolg aan 'n Beskrywingspunt waarin die verantwoordelikheid van die Appellant tov getuies/getuienis gereël word (Acta 1997:545–546) (vgl ook Meijer, 2006:227–233).

5. Addisionele praktiese reëlings

- 5.1 Die Appellant bly self verantwoordelik vir alle eie kostes (dokumente, reiskoste, verblyfkoste).
- 5.2 Elke meerdere vergadering begroot vir die kostes van die Deputate vir Appèl.

Besluit: Aan die beskrywingspunt word op die volgende wyse gevolg gegee deur van punte 1, 3 en 4 kennis te neem, punte 2 en 5 goed te keur met die opdrag aan studiedeputate om met inagneming van goedgekeurde appèlprosedures, asook studies oor appèlprosedures, wat deur kerke met wie die GKSA ekumeniese eenheid het, onderneem is, 'n verfynde omskrewe appèlprosedure saam te stel vir aanbeveling by die volgende Sinode tot en met die afhandeling van hierdie opdrag word punte 2 en 5 geïmplementeer.